INHOUD

INLEIDING 1

50 JARIGE FEES 2

ONDERWYS

Beheerliggaam 5
Onderwyspersoneel 6
Nie-doserende personeel 7
Oueronderwysersvereniging 8
Leerlingraad 8
Verteenwoordigende Raad van Leerders 9
Inskrywing en Skoolbywoning 10
Eksamenuitslae 2004 11
Olimpiades 11
Loopbaandae 12

BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

Geestelik

Verenigende Christen-Studentevereniging 13
Skoolverlaterskamp 14

Kultuur

Spraakkuns 14
Vasvra 16
DF Applous 16
Skooltydskrif - Malherbiet 17
Koor en Musiek 18
ATKV 19

Matriektoer 19
Matriekdans 19
Leerder-polisiëringsforum 20
Noodhulp 20
Bloedskenk 20

Sport

Atletiek 21
Gholf 22
Hokkie (dogters) 23
Hokkie (seuns) 25
Krieket 25
Dogterskrieket 26
Landloop 26
Muurbal 27

Netbal 27
Rugby 29
Skaak 30
Tennis 31
O.P. Verteenwoordigers 31
Ander Prestasies 32

FINANSIES 36

IN MEMORIAM 37

ALGEMEEN
Gebedsgroep 37
D.F. Malherbe Gedenklesing 37
Bemarking 38
Oudskoliere 38

'N DRINGENDE VERSOEK 39

TEN SLOTTE 39

JAARVERSLAG : 2004/2005

1. **INLEIDING**

Dit is met groot dankbaarheid dat die volgende verslag aan u voorgehou word.

Aan die skadukant was daar die sake waaraan ons noual byna gewoond geraak het, maar wat ’n bron van trustrasie bly. Hier kan ek weer noem dissiplinêre probleme met ’n baie klein persentasie leerders, administratiewe rompslomp rondom dinge soos die Deur-lopende Assessering, Geïntegreerde Kwaliteits Beheerstelsel (IQMS), onbevoegdheid van sekere departementele amptenare wat bv. aanleiding gegee het tot probleme met die Graad 9's se CTA’s (Gemeenskaplike Take vir Assessering), ens.

Baie tyd is ook vanjaar bestee aan die toepassing van die sogenaamde Nasionale Kurrikulum Verklaring in 2006. Dit is die nuwe sillabus vir die Verdere Onderwys en Opleiding fase (Graad 10 tot 12) wat ingefaseer word. Daar moes besluit word op ’n nuwe vakkeuse en op handboeke, en onderwysers moes opgelei word. Die Beheer-liggaam het besluit dat Graad 10 leerders aanstaande jaar hul eie handboeke sal moet koop, en dat alle leerders self skryfboeke moet aanskaf.

Aan die sonkant was daar egter soveel hoogtepunte dat ek met sekerheid kan sê dat die hele DF gemeenskap weer trots en dankbaar kan wees op wat vanjaar deur ons almal bereik is. Ons voel werklik dat ons deur die wonderlike genade van die Here kon voortbou op die fondamente wat vyftig jaar gelede hier gelê is en dat ons voorgangers saam met ons trots kan wees.

Mag die lees va dít wat hierop volg u ook daarvan oortuig.

2. **D.F. MALHERBE 1955 TOT 2005**

Om werklik reg te laat geskied aan die geskiedenis van ons skool van die afgelope vyftig jaar, was nie alleen ’n geweldige uit-daging nie, maar ook ’n geleentheid om voorraadopname te doen van wat ons die afgelope half-eeu vermag het.

Gedurende die loop van 2004 is ’n feeskomitee onder voorsitterskap van me. Barbara Strydom (oudonderwyser) op die been gebring om al die feesverrigtinge te koördineer en inisiatief te neem ten opsigte van moontlike feesprojekte. Daar is onder andere besluit dat elke skool-aktiwiteit deur die loop van 2005 op die vyftigjarige bestaan van die skool sal fokus.

Aan die einde van 2004 is ’n projek onder die leerders en ouers ge-loods om ’n treffende feesembleem te ontwerp. Al die inskrywings is aan me. Alida Bothma (kunstenaar) voorgelê. Dorothy Troskie (graad 11 in 2004) se embleem is toe met geringe aanpassings as die fees-embleem in 2005 aanvaar. Hierdie embleem was ’n treffer en is op ons korrespondensie, publikasies, aandenkings, lapelwapentjies, ens., ens. aangebring.

Een van die groot hoogtepunte van die feesjaar was beslis DF Applous se bydrae, naamlik *RETRO 50*. Hierdie musiekblyspel is spesiaal vir D.F. Malherbe se vyftigste verjaarsdag deur die bekende dramaturg, Blake Toerien, geskryf. Vir die volgende jaar het ons ook die alleenreg op die opvoerregte. Alle kaartjies vir die drie opvoerings in die *Savoy*teater is uitverkoop! Voorwaar rede om trots te wees.

Malherbiet se produksie, Voorbladnooi en Mnr. Heinz DF 50, het ook glans aan die vyftigjarige herdenking verleen. Saam met die spog-gerige Valentynsbal 50 het Malherbiet ook sy kant gebring om weer die glorie van 50 jaar te laat herleef.

Ander kultuurhoogtepunte waartydens die skool se verjaarsdag gevier is, was die Gedenkweek. Doktor Matthews Phosa se lesing op 19 Mei en die kabaretvertoning van Abel Kraamsaal die Saterdagaand sal nog lank onthou word. ’n Funksie wat beslis in sy doel geslaag het om oud en jonk weer oor dieselfde dinge te laat praat, was die dinee vir oud-hoofseuns, -meisies en -onderwysers aan die einde van die ge-denkweek. Twee van ons oudskoolhoofde, mnr. Visser en mnr. Franzsen, asook drie lede van die oorspronklike DF personeel het hierdie dinee bygewoon. Hulle is mnre. Jan Huisamen en Daan Malherbe en mev. Maxie du Plooy (Burmeister). Dit was vir ons ’n be-sondere belewenis om hulle hier te ontvang. Ons het op dié aand ook die Gedenkmuur in die saal bekend gestel. Oudleerders, oudpersoneel en ander vriende van die skool kan hier ’n plaatjie laat aanbring met sy/haar naam daarop.

Op sportgebied het die Interskole teen Nico Malan uitstekend in sy doel geslaag om die hele DF Familie in ’n verjaarsdagstemming te bring. Verskeie van die ander sportsoorte het deur die jaar ook op gepaste wyse die vyftigjarige bestaan van die skool herdenk.

Die sportlui het in Augustus ons tradisionele opponente (Cillié, Andrew Rabie, Otto du Plessis en Framesby) se afrigters by ’n baie mooi geleentheid onthaal. Hier is geskenke oorhandig wat pragtige aandenkings van ons feesjaar is.

Die feesverrigtinge het gedurende die Septembervakansie ’n klimaks bereik tydens die reünienaweek. Oudleerders en oud-onderwysers van oor die hele land het vanaf die Vrydag tot Sondag saamgetrek. Ou vriendskappe is hernu en met nostalgie is daar aan die ou dae teruggedink. Die Sondagoggend se afsluitingsdiens, gelei deur twee van ons oudleerders, was veral baie spesiaal en ook baie gepas.

In November was ons ook bevoorreg om van ons top musiekleerders en ballerinas uit die verlede by ’n baie genotvolle kultuuraand te betrek. Saam met die huidige musiekleerders, bal-lerinas en kabaretgroep het hulle bygedra tot ’n baie stylvolle aand, genaamd *Malherbiet Melodieë*, wat nog lank onthou sal word.

Deur die loop van die jaar was daar ook by al die feesverrigtinge aandenkings te koop. Van dié aandenkings is tans nog beskikbaar. Indien van u nog sou belangstel om hiervan te koop, kan u net die skool skakel vir verdere besonderhede. Die feesblad wat ’n oorsig van die jaar gee, sal hopelik vroeg in 2006

beskikbaar wees. Ons gaan ook nog ’n bord in die voorportaal aanbring waarop die name van personeellede wat meer as 10 jaar diens by DF voltooi het, aangebring sal word.

Die feesjaar is op baie nederige wyse afgesluit toe daar saam met die NG Gemeente Hoogland Nagmaal gehou is. Heel gepas is al die eer vir ’n baie suksesvolle jaar aan die Here gegee. Sonder Sy hulp en beskerming sou ons niks kon vermag het nie. Alle eer aan HOM!

3. **ONDERWYS**

3.1 **BEHEERLIGGAAM**

Die verkose Beheerliggaam is tans:

Voorsitter:	Prof. J.J. van Wyk
Onder-voorsitter:	Mnr. H. Loots
Sekretaresse:	Mev. P. Vosloo (opvoeders)
	Mev. L. Crouse
	Mev. R. Dippenaar (gekoöpteer)
	Mev. D. Ferreira
	Mnr. P. Horn
	Mnr. S. Keyser
	Mnr. J. Wasserman
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnre. D. Bezuidenhout, H. Potgieter
Leerderverteenwoordigers:	Rayno Wasserman, Gwendolene Willemse

Mnr. A. Kilian, prof. D. Raubenheimer en mev. C. Watson het deur die loop van die jaar bedank. Mevv. Crouse en Ferreira en mnre. Horn en Keyser is by wyse van tussenverkiesing verkies. Mnre. Loots en Wasserman se dienstermyne moet beëindig word aangesien hulle aanstaande jaar nie meer kinders in die skool sal hê nie, en 'n tussenverkiesing sal gehou moet word. Hulle het hulself bereid verklaar om as gekoöpteerde lede voort te gaan.

Onder die leiding van die Beheerliggaam en met die ondersteuning van ouers is die finansies van die skool ietwat gesonder as in die onlangse verlede en ons kon gevolglik die krities noodsaaklike verbeterings aan die paaie op die skoolterrein aanbring. Die inkomste van die verhuring van die grond aan Walmerpark het ook hiertoe bygedra. 'n Projekspan is getaak om fondse te bekom vir die Leerdersentrum en ons het hoë verwagtinge van die OOV tydens 2006! Drie advokate is ook versoek om die Sportbeleid te hersien ten einde effektiewe werking te verseker.

Die Beheerliggaam spreek hul dank uit aan alle belanghebbendes wat die vooruitgang en sukses van die skool bevorder.

3.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:
Mnr. P. Hauman M.Sc., B.Ed.

Adjunkhoof:

Mnr. T.P.A.L. van Wyk B.A., H.O.D.	-	Gesk., Afrikaans

Departementshoofde:

Mnr.E. Erasmus B.Comm.(Ed.), B.Ed.	-	Handelsvakke
Mnr. J. de Jager B.A., M.Ed.	-	Afrikaans
Mev. M. McFarlane M.A. (Maatsk.), S.O.D.	-	Geskiedenis
Mev. P. Vosloo B.A.(Hons.), H.O.D.	-	Xhosa

Onderwysers:

Mnr. D. Bezuidenhout B.A., H.O.D.	-	Engels
Mej. A. Bosch B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	-	Afrikaans
Mej. A. Carstens H.O.D. (Handel)	-	Handelsvakke
Mev. D. Griffin N.Dip.Lib. en Info.Sc.	-	Rek.-geletterdheid
Mev. M. Hanekom	-	Handelsvakke
Mnr. D. Jacobs B.A. (Hons.), MSS	-	J.O.T.
Mej. E. Jonker B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Aardrykskunde
Mej. C. Killian B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Engels, Afrikaans
Mev. C. Landman B. Mus.	-	Musiek
Mev. E.A. Moore B.Comm., H.O.D.	-	Rekeningkunde
Mnr. F. O'Connell B.Sc.	-	Wiskunde, Skeinat
Mev. M. Odendaal B.Sc., H.O.D.	-	Wiskunde
Mnr. F. Roets B.Ed. (FET) N.S.	-	Biologie, Wiskunde
Mev. M. Röth M.Sc.	-	Skeinat, Wiskunde
Mnr. L. Sangerhaus P.O.D., O.D. (Handwerk)	-	Houtwerk
Mev. L. Schoeman B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Xhosa, Wiskunde
Mev. A.M.B. Scholtz B.A., H.O.D.	-	Afrikaans
Mej. M. Scholtz B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Wiskunde, Engels
Mnr. J.M. Smit O.D., H.O.D.	-	Biologie
Mnr. M.L. Smith B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Biologie
Mev. H.E. Steenkamp M.Mus.,ODMS, UVLM	-	Musiek
Mev. A. van der Merwe B.A., S.O.D.	-	Afrikaans
Mev. H.J. van Straten B.A., H.O.D.	-	Engels
Mnr. M. van Zyl B.A., H.P.O.D.	-	Biologie
Mev. M. Visser B.Huish. (Ed.)	-	Huishoudkunde

Mnr. E.E. Williams B.A., H.O.D. - Engels

Mnr. E. Williams het aan die begin van die jaar by ons aangesluit in die pos wat deur mev. K. Stead beklee is. Mnr. F. Roets, wat in 2004 sy internskap by ons gedoen het, is ook deur die Beheerliggaam aangestel as onderwyser.

Die volgende onderwysers is/was in waarnemende poste: mej. B. Wait (mev. Hanekom: studieverlof), mev. E. Moore (mev. Labuschagne: afgetree) en mev. A. Scholtz (mnr. Van Wyk: waarnemende adjunkhoof).

Mev. Stephanie Labuschagne het aan die einde van die tweede kwartaal die tuig neergelê. Juffrou Twiggy, soos sy algemeen bekend is, het in Januarie 1969 as mej. Van Heerden by DF aangesluit, en was sedert 1987 adjunkhoof. (Voor DF was sy twee jaar op Willowmore.) Mev. Labuschagne het in haar 36½ jaar by DF soveel mense se lewens aangeraak en die DF gemeenskap op soveel terreine gedien dat dit onmoontlik is om almal se dank hier in woorde saam te vat. Dus: BAIE dankie, juffrou Van Heerden/juffrou Twiggy/mev. Labuschagne - DF is definitief nie meer dieselfde sonder u nie! Ons wens haar en haar man 'n gelukkige aftrede saam en 'n baie mooi toekoms toe.

Ons sê baie geluk aan mev. Hanekom wat haar B.Ed. Honneurs cum laude geslaag het!

Aan die einde van dié jaar verlaat mev. Schoeman (ná 4 jaar), mnr. Williams (1 jaar) en mevv. Moore en Scholtz (beide ná 6 maande in waarnemende betrekkings) ons. Hulle verdien almal 'n woord van groot dank vir dit wat hulle hier gedoen het.

3.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Hierdie baie hardwerkende span het genadiglik dieselfde gebly.

Sekretaresse:	Mev. L. Peens
Boekhoudster:	Mev. B. Burns
Administratiewe Assistente:	Mev. E. Fox
Bemarkingsbeampte:	Mnr. B.R. Vorster
Sport-organiseerder:	Mev. S. Ferreira
Laboratorium Assistente/Bibliotekaresse:	Mev. E. Serfontein
Voorman:	Mnr. H. Potgieter

3.4 **OUER-ONDERWYSERSVERENIGING**

Alhoewel die OOV nie vanjaar “amptelik” in plek was nie, was daar tog ’n hele paar geleenthede waar ouers gewerk het dat dit klap ten bate van die skool. Ons vyftigste jaar sou nie dieselfde gewees het sonder ons ouers se ondersteuning nie.

Daar was die baie tuiswedstryde wat gespeel is, met die hoogtepunt die twee kermisse tydens die Interskole en die Andrew Rabie wedstryd waartydens altesaam R18 000 ingesamel is. Verder het die Gedenklesing en die kabaret-optrede die gebruiklike eise aan ons ouers gestel. Die Staatmakers se ouers was verantwoordelik vir die feesdinee.

Baie dankie aan ALMAL wat so hard gewerk het!!

3.5 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2004/2005, onder leiding van Rayno Wasserman, Gwendolene Willemse (hoofleiers), Tiaan Keyser en Elske Ferreira (onderhoofleiers), het ’n uitdagende, dog suksesvolle ampstermyn beleef.

Groot waardering is deur die personeel, ouerkorps en die leerders uitgespreek vir die wyse waarop hierdie span hulle verantwoordelikhede aangepak en deurgevoer het.

Die span Staatmakers het aan die begin van hulle ampstermyn ’n opleidingskamp by die VCSV-terrein te Elandsrivier bygewoon waarna die vier hoofleiers na ’n nasionale simposium, gereël deur die ATKV, was. Hierdie ge-leenthede was deeglike opleiding en het as grondslag gedien vir ’n baie suk-sesvolle jaar.

Die Staatmakers het groot moeite gedoen om die nuwe graad 8 leerders tuis te laat voel en hulle in die hoërskool-fase in te lyf. Ander verant-woordelikhede van die Staatmakers sluit in: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die byhou van ’n verjaarsdag- en plakboek, die daaglikse hys en stryk van die lands- en skoolvlag, die byhou van datums en kennis-gewings op die kennisgewingborde, skakeling tussen personeel en leerders en met ander skole, ens. ’n Uiters suksesvolle insamelingsprojek ten bate van die DBV is onder die inspirerende leiding van Saskia Loots gehou.

Hierdie Staatmakerspan het op vele terreine by verskeie geleenthede die skool se naam hoog gehou en met groot eer gedien. Ons eer hulle daarvoor en dank hulle opreg vir hulle onbaatsugtige diens aan die skool en gemeenskap.

Ons kan opreg trots wees op so ’n span!

Die Staatmakerspan het uit die volgende lede bestaan:

Danie Bezuidenhout	***Dorothy Troskie***
Karlien Doubell	***Esti van der Merwe***
Elske Ferreira	***Marnus van Eeden***
Stephan Ferreira	***Frik van Straten***
Eben Gerber	***Leanne Vermaak***
Jaco Hyman	***Rayno Wasserman***
Suritha Kampman	***Nico Wiese***
Tiaan Keyser	***Gwendolene Willemse***
Melanie Lombaard	***Beáte Barnard***
Saskia Loots	***Bianca Groenewald***
Derick Markram	***Charlotte Hauman***
Martin Marx	***Celeste Kruger***
Kim Nel	***Liesl Oosthuizen***
Karien Petzer	***Steffan Raubenheimer***
Janique Rossouw	***Elzé Vermaak***
Nina Rossouw	***Janneke Wolmarans***

(Mnr. J. de Jager en mev. P. Vosloo)

3.6 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS**

Die VRL het vanjaar weer opgetree as skakel tussen die personeel en leerders. Die skoonmaak van klaskamers, bidbeurte, verjaardagge-lukwensinge, ensovoorts is onderling in registerklasse gereël.

Soos in die verlede was die samestelling van die huiswerkboekie 'n groot projek. 'n Nuwe projek was ook die skoonmaak van die bedding by die voordeur.

Die VRL-verteenwoordigers vir 2005 was:

8KI	Jacomien Hauman en Rikus van Eeden	8OD	Monique Tharratt en Ruben van Staden
8JO	Madelé Venter en Christiaan de Klerk	8OC	Carien Gerber en Antonie Marx
9SC	Ané Ferreira en Heinrich Basson	9GR	Lindy Scott en FC Marx
9VI	Natasha Gerber en Llewellyn Barnard	9VS	Debbie Steyn en Garth van Eck
10AN	Lizelle Steunenberg en Tinus van Rooyen	10MS	Inge Strydom en Jonathan Weitz
10BO	Lizé Kriel/Adri Louw en	10RO	Elicia Bownes en Ruzé Gouws
11RT	Janneke Wolmarans en Charl Liebenberg	11BE	Sonja Coetzer en Wouter Ferreira
11HA	Bianca Swanepoel en André Willemse	11VM	Liesl Oosthuizen en Edward Pienaar
12ST	Janine Gerber en Jaco-Louis Maritz	12CA	Janique Rossouw en Quinten Grobler
12SA	Angelique Pretorius en Eben Gerber	12VZ	Dorothy Troskie en Marnus van Eeden

Voorsitter: Janneke Wolmarans

Ondervoorsitter: Marnus van Eeden

(Mej. A. Bosch)

3.7 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2002	**2003**	**2004**	**2005**
Gemiddelde inskrywing	641	637	585	608
Persentasie bywoning	94,5 %	97,9 %	96,2 %	96,1 %

(Mnr. A. van Wyk)

3.8 **EKSAMENUITSLAE 2004**

Graad	Aantal kandidate	Aantal druipelinge	Slaagpersentasie
8	119	3	95,0 %
9	119	3	99,2 %
10	125	6	95,2 %
11	115	0	100 %
12	106	2	98,1 %
TOTAAL:	**584**	**14**	**97,6 %**

Hartlik geluk aan die volgende 17 kandidate wat die Senior Sertifikaat-eksamen (2004) met ’n A-totaal geslaag het:

Amor Adendorff ***Eugéne Labuschagne***
Tatjana Alting ***Ruaan Naudé***
Carla Barnard ***Tanya Roberts***
Marieka Barnard ***Jopie Pretorius***
Lelané Buys ***Maryke Serfontein***
Nicola du Toit ***Elizbé Steyn***
Liska du Preez ***Ansie van der Merwe***
Arno Janse van Vuuren ***Marcel van der Mescht***
Annemi Wolmarans

Vier van dié kandidate was onder die honderd top kandidate van die Departement van Onderwys, Kultuur en Sport van die Oos-Kaap Provinsie.

Nogmaals puik prestasies - DF is trots!

(Mnr. A. van Wyk)

3.9 **OLIMPIADES, ENS.**

3.9.1 **Afrikaans Olimpiade**: Charlotte Hauman behaal die pragtige prestasie om gesamentlik tiende landswyd in die Afrikaans Olimpiade te kom.

3.9.2 **Taalbond**: 11 junior en 4 senior leerders het vanjaar die Taalbond se Tweetaligheidseksamen met sukses afgelê. Veels geluk aan Charlotte Hauman wat die Senior Tweetaligheidseksamen met lof (80%+) geslaag het. Sy is sodoende onder die eerste 51 leerders landswyd. Van die junior het Kristine Dutton en Amy Rheeder die beste gevaar en in die eerste klas (70%+) geslaag.

3.9.3 **Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade**: Die volgende leerders het na die tweede rondte van hierdie kompetisie deurgedring: Graad 10 - Esther McFarlane, Roné McFarlane en Roland Killian, Graad 9 - Amy Rheeder en Karla Mülder. Amy Rheeder het na die derde en finale rondte deurgedring. Dis 'n groot prestasie aangesien net 100 junior leerders landwyd kon kwalifiseer vir die finale rondte.

Harmony Gold Wiskunde-kompetisie: Die volgende leerders het na die tweede rondte van hierdie kompetisie deurgedring: Wessel van Wyk, Philip le Grange, Jacomien Hauman, Genevéve Deysel, Heinrich Basson, Kristine Dutton, Diederick Dippenaar, Jeannè Scholtz, Wilmie Scholtz, Amy Rheeder en Christiaan Crouse.

Amesa Wiskunde-kompetisie: Die volgende leerders het deurgedring na die finale rondte: Juniors - Heinrich Basson, Christiaan Crouse, Gerhard Grobler, Amy Rheeder, Kristine Dutton, Wilmie Scholtz, Tertio Esterhuizen, Jeannè Scholtz, Philip le Grange, Karla Mülder, Jacomien Hauman en Jason Miskin. Seniors - Wessel van Wyk, Charlotte Hauman, Tanya Dutton, Adeléne Heutink en Esther McFarlane.

Baie geluk aan die volgende pryswenners met hulle mooi prestasie: Juniors - Amy Rheeder (Goud en Prys), Christiaan Crouse (Goud en Prys), Kristine Dutton (Silwer), Heinrich Basson (Silwer), Jacomien Hauman (Blou) en Jeannè Scholtz (Blou).
Seniors - Charlotte Hauman (Goud en Prys), Tanya Dutton (Goud en Prys), Wessel van Wyk (Silwer) en Adeléne Heutink (Blou).

3.10 LOOPBAANDAE 2005

Die leerders was vanjaar bevoorreg om drie insiggewende loopbaandae te kon bywoon. Graad 11 leerders het die jaarlikse Inkanyesi-NMMU loopbaandag in die Veremarksentrum besoek waar 'n wye verskeidenheid uitstallers beroepe aan leerders bekend gestel het.

Die *Rocking Future Road Show* het 'n uitstalling van tersiêre inrigtings in en om Port Elizabeth in ons skoolsaal gehou. Alle graad 10 tot 12 leerders kon dit bywoon. Musiek en weggeepryse is gebruik om leerders se aandag te behou, terwyl belangrike inligting deurgegee is.

Die Wes-Kaapse Loopbaanuitstallersvereniging het 'n uitstalling in die skoolsaal gehad en 'n groot aantal skole in Port Elizabeth en omtrek is uitgenooi om die uitstalling te besoek. Die hele skool het in klasverband die uitstalling bygewoon. Dit was so 'n groot sukses dat dit volgende jaar herhaal gaan word.

Leerders is ook aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon sodat kennis oor verskillende beroepe ingewin kan word en leerders 'n meer ingeligte keuse kan maak.

(Mev. M. McFarlane)

4. BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

4.1 GEESTELIK

4.1.1 DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)

Die VCSV is 'n belangrike deel van die jaarlikse skoolprogram en bied elke jaar 'n wye verskeidenheid aktiwiteite en projekte aan waaraan leerders kan deelneem.

LEDETAL: Hierdie jaar was daar ongeveer 240 ingeskrewe lede, waarvan 40 kringleiers was. Weer eens was daar 'n bestuur van 10 lede met Tiaan Keyser aan die stuur, asook mej. Martie Scholtz en mnr. Derek Jacobs, die JOT onderwyser, van die personeel se kant af.

BYEENKOMSTE: Daar is elke Vrydagmiddag vanaf 13:30 tot 14:10 byeenkomste in kringe en elke Vrydagoggend vóór skool word daar saam gesing. Woensdae tydens tweede pouse word daar in groepies op die hokkieveld saam gebid.

BASAAR: Ons basaar was 'n reuse sukses en het 'n wins van R9 000 getoon. Leerders en ouers het almal ewe hard gewerk.

KOFFIEKROEË: 'n Koffiekroeg is elke kwartaal gehou, en die bywoning was elke keer goed. 'n Nuwigheid by die laaste koffiekroeg was die VCSV se eie snoekertafel, en dit het bygedra tot die geselligheid.

WEGNEEMETE AAND: Ons het 'n nuwe projek aangepak in die vorm van 'n wegneemete aand ter ondersteuning van die verspreiding van kinderbybels in Moslemlande. Schwarmas is gemaak en deur die kringleiers verkoop.
R3 000 is ingesamel wat ons aan *Geopende Deure* kon skenk ter onder-steuning van hierdie belangrike saak.

VAS en WAKKERBLY AAND: Daar is ook weer 'n vas en wakkerbly aand gehou wat deur ongeveer 80 leerders bygewoon is. Hierdie jaar se poging was ter ondersteuning van die Buffelsfontein Aftreeoord. 'n Bedrag van
R6 000 is ingesamel.

Baie dankie aan al die leerders en hul ouers, die personeel en die bestuur vir al die harde werk gedurende die jaar.
Weer eens gaan al die lof en eer aan ons Here Jesus Christus.

(Mnr. D. Jacobs - JOT)

4.1.2 **SKOOLVERLATERSKAMP**

Soos gewoonlik is daar hierdie jaar weer 'n skoolverlaterskamp tydens die Junie-vakansie gehou. Matrieks van regoor die Oos-Kaap het bymekaargekom. Die Malherbiete wat dit bygewoon het, het dit terdeë geniet. Dit was volgens hulle 'n wonderlike ervaring om met matrieks uit ander skole saam te kom, en verskeie nuwe vriendskappe is gevorm. Waardevolle kennis en ervaring is opgedoen wat ons matrieks baie sal baat in die toekoms.

(Mnr. D. Jacobs - JOT)

4.2 **KULTUURVERENIGING**

Die deelname van 'n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is 'n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

4.2.1 **SPRAAKKUNS**

Die Redenaars- en Debatsvereniging het 'n baie besige jaar beleef. Die senior redenaarskompetisie is op 24 Februarie gehou. Veertien graad 10 tot 12 leerders het as sprekers opgetree. Die volgende leerders is as wenners aangewys: Eerste - Charlotte Hauman, Tweede - Liesl Oosthuizen, Derde - Roné McFarlane en Vierde - Esther McFarlane.

Op 4 Maart is die jaarlikse junior redenaarskompetisie gehou. Om die 24 sprekers te akkommodeer, moes die kompetisie alreeds om 16:00 begin. Ons is dankbaar vir die potensiaal onder die graad 8's en vir die graad 9 leerders se pragtige vordering. Die volgende leerders is as die wenners aangewys: Eerste - Amy Rheeder, Tweede - Jacomien Hauman en Derde - Emma Kotze. Sewe Malherbiete het aan die ATKV-Redenaarskompetisie by Hoërskool Linkside deelgeneem. Vyf-en-tagtig leerders van sover soos Cradock tot Joubertina het deelgeneem. Die kompetisie is in ses verskillende lokale afgehandel, met ander woorde daar was ses verskillende klein kompetisies. Ses van ons leerders het die onvoorbereide rondte gehaal. Uiteindelik was Liezl Oosthuizen, Amy Rheeder en Jacomien Hauman eerste en Roné MacFarlane tweede in hul onderskeie kompetisies. Charlotte Hauman was derde. Op Vrydagmiddag, 12 Augustus, het Charlotte Hauman (senior) en Amy Rheeder (junior) die redenaarseisoen op 'n hoë noot afgesluit. Die Tussenskoolse kompetisie is 'n spankompetisie waarin die junior en die senior redenaar apart kompeteer en die punte dan saamgetel word. Charlotte was tweede

in haar afdeling en Amy derde in hare. Omdat DF die enigste skool was wat in beide afdelings deelnemers onder die eerste drie gehad het, het ons loshande gewen. Die pragtige beker staan dus weer in ons voorportaal.

Die ATKV-Debatskompetisie se Oos-Kaapse uitdunrondte is op Saterdag, 12 Maart by ons skool gehou. Vir die heel eerste keer is daar ook vir graad 8 en 9 leerders voorsiening gemaak deur middel van 'n junior debat. Vyf spanne het hier meegeding. Die wenner was DF se span, bestaande uit Amy Rheeder, Lindy Scott en Kristine Dutton. Ses debatte het in die senior afdeling plaasgevind. Hoërskool Kirkwood was hier die wenners en DF se span (Tanya Dutton en Charlotte Hauman) het tweede geëindig. Beide DF se spanne dring dus deur na die halfeindrondte waar hulle die Oos-Kaap verteenwoordig het. Baie dankie ook aan al die flinke Malherbiete wat as helpers opgetree het. Op Saterdag, 7 Mei is die halfeindrondte op Riversdal gehou. In hierdie rondte het die Oos-Kaap die Suid-Kaap aangevat. Die Oos-Kaap is in die senior afdeling deur Hoërskool Kirkwood en DF verteenwoordig. Ná twee intense en spanningsvolle debatte is Tanya en Charlotte as die wenners aangewys. Ook in die junior afdeling het die Oos-Kaapse wenners van DF, naamlik Kristine, Amy en Lindy, koning gekraai. Op Vrydag, 22 Julie het DF se twee spanne toe as wenners van die Oos- en Suid-Kaapstreke aan die finale rondte van dié kompetisie op Rustenburg deelgeneem. Beide spanne het hul uitstekend van hul taak gekwyt as in ag geneem word dat hul vanjaar hul debuut gemaak het. Die seniors eindig dus onder die beste 12 spanne in Suid-Afrika, en die juniors - omdat hulle op Rustenburg hul debat teen Hoërskool Kemptonpark gewen het - onder die beste vyf spanne.

Op Woensdag, 24 Augustus, is die heel eerste JIP-Dink-of-Sinkdebat in die Oos-Kaap gehou. Ons is bevoorreg dat DF gevra is om hierdie projek te loods. Gedurende die middag is die uitdunrondtes tussen sewe skole gehou. Beide ons senior- (Charlotte Hauman, Martin Marx en Nina Rossouw) en junior-span (Wessel van Wyk, Nicky du Toit en Lizelle Steunenberg) het tot die halfeindrondtes gevorder. Lizelle is as lid van die Junior Uitnodigingspan gekies wat die aand aan die finaal deelgeneem het. Hulle was dan ook die wenspan. Dit was 'n genoeglike aand wat deur almal geniet is. Die debatseisoen kon beslis nie op 'n beter noot afgesluit geword het nie.

(Mej. A. Bosch)

4.2.2 **VASVRA**

D.F. Malherbe se vasvraspan bestaande uit Nina Rossouw, Saskia Loots, Charlotte Hauman en Ryno Els het in Julie aan die *Herald Schools' Quiz* deelgeneem. Hulle het hul eerste rondte kragmeting teen Lawson Brown met 7 - 4 gewen, maar ongelukkig in die tweede rondte teen Daniël Pienaar met 5 - 8 verloor.

Dieselfde span het ook gedurende die jaarlikse interskole Nico Malan se span oortuigend geklop.

Bybelvasvra: Die hele skool het weer aan uitdunrondtes vir die Bybelvasvra deelgeneem. In die finaal, wat op 2 September plaasgevind het, het ons vyf spanne die eerste vyf plekke verower. Die wenspan was Leana Toerien, Jana van der Wath, Tanya Dutton en Jan-Daniel Brits. Sodoende het DF weer die pragtige trofee, wat deur die Voortrekkers geskenk is, gewen.

(Mej. C. Killian en Mev. M. McFarlane)

4.2.3 **DF APPLOUS**

Retro 50 was voorwaar 'n hoogtepunt in 2005! Hierdie toneelstuk is spesiaal vir DF geskryf deur Blake Toerien. Retro 50 het oor die elemente van 'n drama sowel as blyspel beskik. Dit was wonderlik om 138 leerders die geleentheid te kon bied om die towerwêreld van die verhoog te ervaar.

Die geleentheid is nog meer spesiaal gemaak deurdat die stuk in die *Savoy*teater opgevoer kon word. 'n Verdere eerste vir DF was vooraf stem-opnames wat deur Platinumproduksies in die ateljee opgeneem is. Dit was vir die leerders 'n leersame ondervinding en het verseker dat die kwaliteit van die sang tydens die opvoering onverbeterlik was.

Die regie is waargeneem deur Hesta van Straten met musiekverwerkings deur Chrizelle Landman en Estelle Steenkamp. Die choreografie is deur Tilette Schreuder behartig en vir beide seuns en dogters was dit 'n heerlike en verrykende ervaring.

Die kaartjies vir die drie vertonigs is vinnig uitverkoop en 1 500 persone het die opvoerings bygewoon. Hierdie was 'n spanpoging en ook die ouers het hul deel bygedra in die vorm van laat ure, baie liters brandstof en hulp waar nodig.

Ons het vanjaar verneem dat die volgende leerders almal *Trinity* se Graad 5 eksamen geslaag het: Elsie Dippenaar (met lof), Kim Zwiegelaar en Elzahn Keyser (beide met eervolle vermelding).

Tydens die *Port Elizabethse Afrikaanse Kunsfees* het dramaleerders van DF deelgeneem en uitstekend gevaar: Daantjie Wolmarans (monoloog en dialoog: beide goud), Alicia van der Watt (dialoog: goud) Elzahn Keyser (gedramatiseerde prosa en gedig: goud), Lindie van Zyl (gedig: goud) en Maryke Steyn (gedramatiseerde prosa: goud).

2005 was voorwaar 'n jaar wat op die uitvoerende kunste-front lank onthou sal word! Baie dankie aan elkeen wat so hard gewerk het voor, op en agter die verhoog. Ons sien uit na volgende jaar.

(Mev. H. van Straten)

4.2.4 **SKOOLTYDSKRIF : MALHERBIET**

Vanjaar was weer eens 'n besondere jaar vir Malherbiet. Onder leiding van die redakteur, Martin Marx, het Malherbiet 'n besonder hoë standaard gehandhaaf. Die entoesiasme waarmee die redaksie van 2005 hul taak verrig het, het veral beïndruk. Die opleidings- en ontspannings-kamp te Loerie was andermaal 'n reuse-sukses. Die spangees wat op die kamp na vore gekom het, het deur die jaar die redaksie gemotiveer om hul beste te lewer.

Valentynsbal, die Voorafnooi- en Voorbladnooikompetisie asook die werwing van advertensies was soos in die verlede uiters geslaagde projekte. Sonder die ondersteuning van die skool, die ouers en sakelui van Port Elizabeth kan die redaksie nie 'n kwartaaltydskrif van gehalte publiseer nie. Aan almal wat 'n aandeel in die sukses van Malherbiet gehad het, wil ons baie, baie dankie sê.

Die Voorbladnooi- en Mnr. Heinz-DF-produksie van 2004, Champions, het vir ons skool nog groot eer ingebring. Dié spog produksie is naamlik tydens vanjaar se Mnr. en Mej. Oos Kaap Hoërskole kompetisie aangewys as die beste professionele produksie van 2004.

Aan die drie personeellede (mev. P. Vosloo en mej. M. Scholtz en mev. D. Griffin) sonder wie se ondersteuning en harde werk my taak soveel moeiliker sou gewees het, baie dankie.

(Mnr. A. van Wyk)

4.2.5 **KOOR EN MUSIEK**

Die volgende leerders is gekeur om in die Oos-Kaapse Jeugkoor 2005 te sing: Candice Caine, Alisca du Plooy, Lizanne du Plooy, Hendry du Toit, Jacqueline du Toit, Herman Geyer en Lourens Millard.

Ensemble: Weens 'n bedrywige jaar met Retro 50 kon die ensemble eers werklik in die derde kwartaal begin oefen. Hulle het by die Eeufeesviering van die gebou van Hunter's Craig asook saam met oudleerders by *Malherbiet Melodieë* opgetree.

(Mev. E. Steenkamp)

Kabaret: *Silhouette* was gedurende 2005 redelik bedrywig, veral in die derde en vierde kwartaal. Van die hoogtepunt-optredes was die Damestee by St Georges, aangebied deur Annique Velsorgprodukte, die Damestee saam met Natalie du Toit, en ook die musiekaand, *Malherbiet Melodieë*, aangebied deur DF ter afsluiting van die vyftigjarige feesvieringe.

(Mev. C. Landman)

-

- - 1 silwer toekenning; Celeste Viljoen (sang) - 1 silwer toekenning en Celeste Viljoen en Janique Rossouw (sangduet) - 1 silwer toekenning. Ons kabaretgroep, *Silhouette*, het 'n goue toekenning gekry.

Die volgende leerders het hulle onderskeie musiekeksamens geslaag: Celeste Kruger - *Royal Schools of Music* musiekteorie graad 5 met onderskeiding en *Royal Schools of*

Music prakties graad 6 (viool), Tanya Dutton - Unisa prakties graad 6 (klavier) met eervolle vermelding, Xandri Schoultz - *Trinity* graad 5 (klavier) met lof en Diederick Dippenaar - *Trinity* graad 2 (kitaar) met lof.

(Mev. E. Steenkamp)

4.2.6 **ATKV DF Patatters**

Die behoefte aan 'n ATKV-Jeugtak in die Port Elizabeth omgewing is deur ander ATKV-takke geïdentifiseer en op 8 April 2005 kom spreek die ATKV-Streekverteenwoordiger, mnr. Hugh McCabe, DF tydens 'n saalbyeenkoms toe. Op 5 Mei is die eerste ATKV-Jeugtak in Port Elizabeth by DF gestig, met Esti van der Merwe as voorsitter.

Die doel van ons Jeugtak is om geleenthede te skep waar jong mense die Afrikaanse kultuur op 'n byderwetse en dinamiese wyse kan beleef. Ons wil so 'n groot positiewe en onmisbare bydrae tot ons gemeenskap en ons land lewer, dat die Afrikaanse kultuur as geheel onmisbaar in Suid-Afrika word.

Om al hierdie dinge te bereik, beplan ons talle projekte en veldtogte, byvoorbeeld 'n optrede deur 'n opkomende Afrikaanse kunstenaar en 'n Noot vir Noot kompetisie.

(Janita Petzer)

4.3 **MATRIEKTOER**

Die matriektoer van 2005 was in vele opsigte 'n besonderse toer. Nie alleen het 76 van die matrieks gaan toer nie, maar ook die gees en kameraderie onder dié groep het dit baie spesiaal gemaak.

Tradisionele klim- en staptogte soos Sterkhorn, Mount aux Sources en die Tugela wandelpad het vir 2005 se matrieks 'n eiesoortige bekoring ingehou. Die verblyf by Dragon Peaks vakansieoord en Drakensville Omgewingsentrum het bygedra tot die uniekheid van die toer.

In 2005 het D.F. Malherbe se matrieks, net soos die matrieks 24 jaar gelede, ook die "abseiling", perdry, besoeke aan besienswaardighede en veral Kerkenberg baie geniet. Die toer slaag beslis daarin om ná al die jare 'n trotse tradise by DF te skep en te handhaaf.

Baie dankie aan die personeel: mevv. Steenkamp en Van der Merwe as-ook mnr. O'Connell vir die uiters belangrike rol wat hulle op die toer gespeel het. Dit word hoog waardeer.

(Mnr. A. van Wyk)

4.4 **MATRIEKDANS**

Die Matriekdans is vanjaar weer in die Veremarksaal gehou. Op 22 Sep-tember is daar op deftige wyse van die 111 matrieks afskeid geneem. Dit was 'n gesellige funksie en beslis 'n geleentheid wat die matrieks as 'n hoogtepunt van hul Graad 12-jaar kan onthou! Die besondere orreluitvoering van mev. Steenkamp was 'n hoogtepunt van die skool se 50-jarige viering.

(Mev. M. Visser)

4.5 **LEERDER-POLISIËRINGSFORUM**

Ons skool was weer in 2005 'n belangrike deel van genoemde forum. Insamelings is gedoen, projekte is aangepak en vergaderings bygewoon. Ons was een van die min skole wat aktief betrokke was. Twaalf leerders het ons skool op die forum verteenwoordig.

Ons is tans besig om weer leerders te werf om ons skool in 2006 te verteenwoordig. Die span het alreeds belangrike doelstellings vir 2006. Die doel is om die jeug in te lig en by te staan veral met betrekking tot nuwe dwelms soos tik-tik. Daar is ook 'n algehele aanslag op ons jeug deur die dwelmhandelaars.

(Mnr. J. Smit)

4.6 **NOODHULP**

Ons het vanjaar met twintig leerders begin. Daar is by alle tuiswedstryde diens gedoen. Ons leerders het hulle uitstekend van hulle taak ge-kwyt. Redelike ernstige gevalle is puik hanteer. Dr. Nico Koch het bv. die noodhulpspan geprys vir hulle puik werk.

Ses leerders het hulle beginnersertifikate verwerf. Tien van ons seniors het hulle vlak 1 sertifikate van die O.E.C. ontvang.

Baie dankie aan al die leerders vir die puik werk. Ons is ook dank aan mev. Van Tonder verskuldig vir haar waardevolle hulp.

(Mnr. J. Smit)

4.7 **BLOEDSKENK**

Die jaar het op 'n besondere hoë noot begin toe die portuurleiers van 2004 die toekenning ontvang het vir die beste portuurleier-groep in die Oos-Kaap. Hulle het die trofee gewen omdat DF persentasiegewys die meeste eenhede bloed geskenk het. Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees!

Gedurende die loop van die jaar het mej. Bosch en die portuurleiers ook verskeie funksies en opleidingsgeleenthede van die SANBS bygewoon.

Malherbiete het vier keer gedurende die jaar hul moue opgerol ter wille van hul medemens. Die klinieke is meestal in die saal gehou, maar soms moes dit noodgedwonge in die busse plaasvind.

Dit doen 'n mens se hart goed om te sien hoeveel van ons leerders bereid is om hierdie opoffering te maak.

Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat vanjaar bloed geskenk het. U het voorwaar 'n verskil gemaak.

Ons portuurleiers verdien ook 'n pluimpie vir die onbaatsugtige diens wat hulle gelewer het.

(Mej. A. Bosch)

4.8 **SPORT**

4.8.1 **ATLETIEK**

Die 2005 seisoen het in 'n feestelike atmosfeer begin en daar is, in hierdie baie spesiale jaar in die skool se bestaan, baie van ons atlete verwag.

Dit was ongelukkig vroeg (tydens die kleurebyeenkoms) duidelik dat ons nie die diepte het om, soos verlede jaar, 'n tiental O.P. atlete op te lewer nie.

Die BLOU span het vanjaar se kleurebyeenkoms gewen en die volgende rekords is tydens hierdie plesierige byeenkoms by UPE opgestel: Karlien Doubell (1 500m stap ope), Natascha de Villiers (1 500m en 800m Do/17), Lenel Oosthuizen (1 500m So/17), Samantha van Zyl (gewigstoot Do/16) en Natasja Gerber (400m Do/15).

Alhoewel Nico Malan weer die Interskole byeenkoms gewen het, het Wyjanne Das die onderskeiding behaal om aangewys te word as die junior Victor Ludorum.

Daar het vanjaar ongeveer 200 van ons atlete aan die Sone 8 byeenkoms deelgeneem. By dié byeenkoms het ons atlete 42 eerste, 42 tweede, 33 derde en 25 vierde plekke behaal. By die sone byeenkoms het 101 van ons atlete gekwalifiseer vir die PE Hoërskole byeenkoms op 18 en 19 Februarie by die NMMU. Ons atlete behaal hier 15 eerste, 15 tweede, 12 derde en 10 vierde plekke.

Die O.P. Hoërskole kampioenskappe is ook by die NMMU gehou op 25 en 26 Februarie. Karlien Doubell (10 000m stap), Janneke Wolmarans (paalspring) en Natascha de Villiers (1 500m) is in die O.P. span opgeneem wat in Cradock aan die Oos-Kaap kampioenskappe deelgeneem het.

Ons DF atlete het hulleself ook goed van hulle taak gekwyt tydens vanjaar se O.P. Junior en Jeug kampioenskappe by die Oval op 4 en 5 Maart. Hulle het soos volg presteer:

Dogters onder 19: Elske Ferreira (100m - eerste), Alicia Marx (1 500m - tweede en 800m - tweede).
Seuns onder 19: Nellis Bothma (400m - eerste en 200m - derde)
Dogters onder 18: Janneke Wolmarans (paalspring - eerste)
Dogters onder 17: Natascha de Villiers (1 500m - tweede), Ané Ferreira (aflos - eerste), Bianca Groenewald (1 500m - derde)

Karlien en Janneke het, tydens die Oos-Kaapse byeenkoms in Cradock op 11 en 12 Maart, gekwalifiseer vir die USSASA senior skole nasionale kampioenskappe. Hierdie

byeenkoms is vanjaar in die Paarl gehou en Karlien het 'n goue medalje vir die 10 000m stap en Janneke 'n silwer medalje vir paalspring verwerf. Hierdie twee atlete is meer as hulle massa in goud werd vir DF atletiek!

Die Brandwag Engen TOP 10-byeenkoms was vanjaar, net soos verlede jaar, die laaste byeenkoms voor die Desember-Januarie vakansie. Ons atlete, sommige fiks en ander onfiks, het met groot harte en 'n passie vir DF atletiek 3 eerste, 1 tweede, 4 derde, 3 vierde, 1 sewende en 1 agtste plek behaal.

Janneke Wolmarans het by die jaarlikse prysuitdeling van die O.P. Atletiekvereniging 'n sertifikaat ontvang vir 'n TOP 10 prestasie wat sy in beide die Sub-Jeug en Jeug kategorie behaal het. Hierdie sertifikate word toegeken aan atlete op grond van die hoeveelheid punte wat op die ABSA Punte-tabel verwerf word. Janneke het in die Sub-Jeug kategorie 910 punte en in die Jeug kategorie 860 punte behaal.

'n Besondere eer het Karlien Doubell te beurt geval deurdat sy aangewys is as die O.P. Hoërskole (baan en veld) Dogters-atleet van die jaar. Sy is ook gekies as die O.P. se stap-atleet van die jaar.

Nogmaals baie dankie aan alle DF atlete, ouers en afrigters vir u harde werk en passie vir DF atletiek.

(Mnr. M. Smith)

4.8.2 **GHOLF**

Beide die eerste en tweede gholfspanne het 'n redelike suksesvolle 2005 gehad. Die seuns se gedrag op en vanaf die baan was te alle tye baie goed.

Ons voel baie trots op 2005 se feesdrag. Ons seuns het die beste gelyk van al die skole teen wie ons gholf gespeel het.

Ons is opgewonde oor die jong gholfspelers wat oorbly vir die 2006 seisoen onder leiding van Leon de Beer, hulle kaptein.

Graag sê ons dankie vir die twee matrieks, naamlik Wynand Dalton en Charlie Rose, vir hulle positiewe bydrae die afgelope jare. Ons gaan hulle mis.

2005 se kampioenskappe is oor 18 gate by Shark River beslis. Die Senior Kampioen is Reinhardt Steenberg en die Junior Kampioen is Francois Smith. Baie geluk aan hierdie twee seuns. Ons het egter besluit dat ons meer professioneel wil wees en gaan volgende jaar die beste spelers bepaal deur die beste gemiddelde vir alle wedstryde gespeel te neem.

'n Baie suksesvolle gholfdag is op 5 Maart gehou en sal weer D.V. volgende jaar op 4 Maart 2006 by Shark River Gholfklub plaasvind.

Hoewel albei gholfspanne Interskole verloor het, het die ondersteunings-groep die bordjies verhang en maklik gewen.

Dank aan:

- Shark River Gholfklub vir alles wat aan ons gholfspelers aangebied is, asook die ondersteunersgroep van 2005;
- Alle ouers en borge vir groot ondersteuning tydens Gholfdag;
- Menere Mornay Fourie en Ouboet du Preez vir groot hulp gelewer.

Ons sien baie uit na die 2006 seisoen.

(Mnr. T. van Zyl)

4.8.3 **HOKKIE (DOGTERS)**

Wat 'n ongelooflike jaar was 2005 vir DF se dogtershokkie! Die eerste span, onder die bekwame en positiewe leiding van Suritha Kampman (kaptein) en Janique Rossouw (onderkaptein) het hoogtes bereik wat nog nooit deur 'n DF Hokkiespan bereik is nie. Al die ander spanne het ook op 'n wonderlike wyse hulle kant gebring om van DF se vyftigste bestaansjaar 'n reuse sukses te maak op die hokkieveld.

Ons sou aanvanklik vyf spanne in die onderskeie ligas inskryf, maar nadat daar groot belangstelling onder die o/14's was, is daar besluit om vir nog 'n span (beginners) voorsiening te maak.

Namens al die spelers wil ek graag ons dank betuig aan die afrigters van 2005 vir hulle entoesiasme, toewyding en positiewe gesindheid. Ons sal dit nooit sonder julle kon

doen nie! Hulle is mej. C. Killian en mev. H. van Straten (onderwysers) en buite-afrigters mev. K. Hauman, mejj. C. McKnight, C. Rietmuller en M. Broodryk (doelwagters).

'n Baie groot woord van dank aan al die ouers vir hulle wonderlike ondersteuning tydens oefeninge en wedstryde. Dankie vir julle ongelooflike positiewe bydrae op alle terreine! DF Hokkie en julle dogters waardeer dit baie.

Na aanleiding van die uiters geslaagde toer van 2005 word daar weer 'n toer beplan vir 2006. Daar word beoog om Boland toe te toer en daar is alreeds 'n afrigtingsessie gereël met een van die voorste afrigters in die land by Hoërskool D.F. Malan. Die eerste span sal volgende jaar in die Premier Liga ingeskryf word.

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14: Wilmie Scholtz
Beste vordering o/16: Heleen Verster
Beste vordering o/18: Roelien van Jaarsveld
Beste speler o/14: Jacomien Hauman
Beste speler o/16: Sjani van As
Beste speler o/18: Lizelle Steunenberg

Meriete is aan Juanine de Klerk, Charlotte Hauman, Suritha Kampman, Marné Marais, Janique Rossouw, Korli Swart en Roelien van Jaarsveld toegeken. Jacomien Hauman het erekleure verwerf.

Baie geluk aan al hierdie spelers, in die besonder Jacomien met haar wonderlike prestasie. Sy was lid van die o/14 O.P. span wat die inter-provinsiale toernooi in die Paarl gewen het.

Die uitslae van die 2005 seisoen:

Span	Liga	Aantal wedstryde	Wen	Verloor	Gelykop
1ste	2de	17	11	2	4
2de	4de	10	3	3	4
o/16A	o/16B	9	1	7	1
o/16B	o/16C	8	1	5	2
o/14	o/14B	8	2	6	0

Spelers van 2005, julle bly ons trots! Aan die "Pink Ladies" nogmaals dankie aan elkeen van julle vir julle bydrae tot DF Hokkie 2005. "Gotta luv ya!"

(Mev. P. Vosloo)

4.8.4 **HOKKIE (SEUNS)**

Gedurende die 2005 hokkieseisoen het ons twee spanne gehad wat deur Bruce Perry (o/18) en Adrian Marais (o/16) afgerig is. Die spelers het die eerste drie wedstryde misgeloop omdat ons gesukkel het om afrigters te kry.

Die afrigters het hul goed van hul taak gekwyt, soseer so dat die o/18 span wat in die derde liga meegeding het, al hul wedstryde gewen het. Die o/16 span, wat meestal beginners was, het hul opponente sterk opposisie gegee, maar ongelukkig al hul wedstryde verloor.

Baie geluk aan die volgende spelers wat tydens ons Sport Prysuitdeling die volgende bekers ontvang het:

Fourie-beker vir beste vordering (junior) - Leo Hulsman, Bellingan-beker vir beste speler (junior) - Nicky du Toit, Fourie-beker vir die beste vordering (senior) - Dayne McLeod, Bellingan-beker vir die beste speler (senior) - Charlie Rose.

Ons vertrou dat die 2006 seisoen suksesvol en opwindend sal wees.

(Mnr. L. Sangerhaus)

4.8.5 **KRIEKET**

Ons het weer tydens die 2004/2005 seisoen drie spanne in die onderskeie ligas ingeskryf, naamlik:

eerste span	-	eerste liga
tweede span	-	derde liga
o/15A span	-	o/15B liga

Daar is gemengde sukses behaal met ’n ± 50 % wen rekord. Ons het ook weer aan die Framesby sewe-aan-’n-kant toernooi deelgeneem.

Mnre. Bezuidenhout, Erasmus, O’Connell en Roets was by die krieket betrokke en die hulp van Raymond du Preez is weer gebruik om met die afrigting te help. Mnr. Grant Anderson, van die krieketakademie, se kundigheid is ook benut. Ons hoop om hierdie seisoen weer van hierdie persone gebruik te maak. Voortaan sal mnr. Sangerhaus ook by die krieket betrokke wees.

Ons wil graag almal bedank wat betrokke was - as toeskouers, gehelp het met voorbereiding van die kos, of ander take soos tellinghouding of voorbereiding van die veld en kolfblad. Ek sal graag vir Ulrich Rademeyer wil uitsonder as tellinghouer van die eerste span.

(Mnr. D. Bezuidenhout)

4.8.6 **DOGTERSKRIEKET**

Die eerste dogterskrieketspan het ’n uitstekende jaar beleef. Hulle het vyf wedstryde gespeel en was onoorwonne.
Die tweede dogterskrieketspan het vier wedstryde gespeel en een gewen.

Die volgende spelers is gekies om die O.P. onder 19-span by die Somerspele te verteenwoordig: Portia Cramford en Alicia van der Watt. Die eerste span afrigter, Shafeeqa Pillay, het ook die S.A. Vrouespan verteenwoordig tydens die Vroue Wêreldbekertoernooi.

Baie dankie aan die ouers vir hul ondersteuning, asook mnre. Willie Mostert en Hannes Potgieter en terreinwerkers vir die voorbereiding van die kolfblad.

(Mej. C. Killian)

4.8.7 **LANDLOOP**

Ons landloopatlete is regtig 'n bron van groot trots vir ons skool. Onder leiding van Leonardo de Villiers bereik hulle groot hoogtes en ons sê vir hom baie dankie vir alles wat hy vir ons atlete doen!

Ons atlete het goed gevaar by ons Woensdag liga-byeenkomste en daar was gereeld 'n paar onder die eerste tien posisies. Hier moet ons noem dat Natascha de Villiers al ses die liga-wedlope gewen het. Die seunskompetisie was baie straf, maar dit is verblydend om te kan sê dat Ruzé Gouws en Dewald van Wyk goeie posisies behaal het. Garth van Eck het ook gereeld onder die eerste tien geëindig.

Gedurende die Knysna Oesterfees het die atlete soos volg presteer: Natascha de Villiers behaal 'n eerste plek in die dogters o/19 mylkompetisie en eindig derde in die landloopafdeling; Bianca Groenewald eindig eerste in die dogters o/17 mylkompetisie en behaal 'n vierde plek in die landloop-afdeling; Ané Ferreira het derde in die dogters o/15 myl gekom terwyl Dewald van Wyk 'n sesde posisie behaal het in die seuns o/17 myl-kompetisie.

Gedurende die interskole-kompetisie teen Nico Malan maak ons skoonskip deur - vir die eerste maal sedert die instelling van Interskole - die dogters- sowel as die seunsafdeling te wen.

Garth van Eck hou ons naam hoog by Saterdae se padwedlope en sy beste tyd vir die 10 km staan tans op 38:57.

Ná afloop van die O.P.-landloopkampioenskappe word Ané Ferreira, Bianca Groenewald en Natascha de Villiers gekies om deel te neem aan 'n interprovinsiale kompetisie op Queenstown. Bianca Groenewald word gekies om die O.P.-span, wat in Bloemfontein deelgeneem het, te verteenwoordig terwyl Natascha de Villiers opgeneem is in 'n O.P.-span wat op Upington aan 'n kompetisie deelgeneem het.

Op ons Sport- en Kultuurprysuitdeling ontvang Natascha de Villiers die beker vir die beste dogters landloopatleet terwyl Garth van Eck aangewys word as die beste seuns landloopatleet vir 2005.

Soos u kan sien, was ons landloopatlete sommer baie bedrywig en ons sien uit na nog 'n beter 2006-seisoen.

(Mej. A. Carstens)

4.8.8 **MUURBAL**

Ons het vanjaar een muurbalspan en 'n klompie entoesiastiese reserwes gehad. Gedurende die tweede en derde kwartaal het die leerders op Donderdae afrigting deur oom Sticks Viljoen ontvang en op Vrydagmiddae is daar muurbalwedstryde gespeel.

Lizelle Steunenberg en Jani Venter het na die O.P.-proewe deurgedring. Ons is baie trots op Lizelle Steunenberg wat dan ook vir die O.P.-span gekies is.

Baie dankie aan mnr. Viljoen vir sy gewilligheid en opoffering om ons leerders met soveel entoesiasme af te rig. Ons waardeer dit baie.

(Mej. E. Jonker)

4.8.9 **NETBAL**

DF netbal kyk terug op 'n seisoen met baie gebeure. Ons het tien spanne vanaf o/14 tot o/19 wat gereeld Saterdae wedstryde gespeel het.

Ons eerste span het aan onder andere die Karriefees deelgeneem en uitslae is soos volg: Framesby (9 - 9), Gill Kollege (9 - 9), McLachlan (18 - 15), verloor in die semi-finaal teen Nico Malan.

Hulle het ook aan die Gedenktoernooi vir klubs deelgeneem en uitstekend gevaar. Hulle klop PE Defence Force (23 - 8), PM Stars (32 - 2), NMMU vier-de span (19 - 8), en wen die finale van hulle liga teen Goodyear (37 - 3).

Die netbaluitslae lyk soos volg:

	Wedstryde	Wen	Gelykop	Verloor
o/19A	8	5	0	3
o/19B	8	7	0	1
o/19C	9	8	0	1
o/19D	7	5	0	2
o/16A	8	5	1	2
o/16B	9	6	0	3
o/16C	7	5	0	2
o/16D	4	1	0	3
o/14A	7	2	2	3
o/14B	10	4	1	5

Ses speelsters het DF in onderskeie Oos-Kaap spanne verteenwoordig. Hulle is: Natasja Gerber en Zanelle van Jaarsveld (o/15), Zusi Seyisi en Larita van Wyk (o/16), Lily Seyisi (o/17) en Gwendolene Willemse (o/19).

Al die toernooie is egter gekanseller na die bus-ongeluk. Gwendolene Willemse was die enigste leerder van DF wat in die ongeluk betrokke was en het slegs geringe beserings opgedoen. Drie dogters is egter oorlede, van wie Eloise Kellerman van Nico Malan een was. Ons het dit goedgedink om Interskole aan haar op te dra. Die wedstryd het met baie emosies gepaard gegaan, aangesien Eloise vir Nico Malan se eerstespan sou uitdraf.

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende bekers toegeken: Beste vordering o/14 - Lynette de Beer, Beste vordering o/16 - Stephanie Sinclair, Beste vordering o/19 - Yolandé Gerber, Beste speler o/14 - Janneke Heutink, Beste speler o/16 - Zusi Seyisi, Beste speler o/19 - Natasja Gerber.

Baie dankie aan elke afrigster vir jul bydrae om 2005 se netbal 'n sukses te maak. Hulle is: Jenny Sharp, Magda Odendaal, Chrizelle Landman, Carike Waldeck, Marike Barnard, Annette van der Merwe en Elna Fick.

Aan elke speelster: Droom groot!

(Mev. S. Ferreira)

4.8.10 **RUGBY**

DF Rugby het 'n redelik suksesvolle seisoen beleef. Ons spanne het goed gevaar in hul onderskeie ligas. 'n Ligpunt was veral die goeie vertonings van 'n baie belowende o/14 inname.

Die kaptein van die eerste span, Rayno Wasserman, is vanjaar gekies vir die O.P. Cravenweek-span. Twee eerste spanspelers het ook vanjaar die eer gehad om hulle vyftigste wedstryd in die wit trui te speel, naamlik Rayno Wasserman en Quintin Bower.

Die toekenning vir "Span van die Jaar" het vanjaar aan die derde span gegaan.

Die sukses van al ons spanne kan grootliks toegeskryf word aan spanwerk en die getroue ondersteuning van ons ouers, oud-skoliere en ander belangstellendes.

Sonder ons borge kan ons nie bou aan die toekoms nie en ek wil graag die volgende bedank vir hul reuse bydrae tot die sukses van die seisoen: Bojanic Prokureurs, Pick 'n Pay en veral Jakes van der Merwe.

Spesiale dank aan al die afrigters vir al die lang ure wat elkeen ingesit het om van die seisoen 'n sukses te maak. Dankie ook aan ouers en unie-skeidsregters wat bo en behalwe hul normale toewysings nog van ons wedstryde hanteer het.

Baie dankie aan mnr. Johan Smit en sy noodhulpspan asook aan mev. Van Tonder wat hom bygestaan het - sonder noodhulp mag ons nie rugby speel nie.

Baie dankie aan die DF Rugbyklub se bestuur vir hul hulp en bydrae deur die seisoen. Spesiale dank aan die individue wat in hul privaat hoedanigheid rugbybeurse geborg het.

Rugby uitslae 2005

Span	Speel	Wen	Verloor	Gelykop
Eerste span	17	7	9	1
Tweede span	15	11	4	0
Derde span	11	10	1	0
Vierde span	8	4	2	2
o/15A span	12	3	9	0
o/14A span	13	8	5	0
o/14B span	5	3	2	0

(Mnr. E. Erasmus)

4.8.11 **SKAAK**

Gedurende die Desember-vakansie 2004 is die S.A. Junior Skaakkampioenskappe by die Universiteit van die Witwatersrand gehou. Die volgende leerders bereik die volgende posisies: Christiaan Crouse (nege-en-veertigste o/16), Wessel van Wyk (agt-en-dertigste o/16), Heinrich Basson (agtste o/16) en Eduard Prinsloo (agtiende o/18). Diederick Dippenaar het ook deelgeneem. Die volgende leerders is opgeneem in die Suid-Afrikaanse span: Christiaan Crouse, Heinrich Basson en Wessel van Wyk. Hulle het ons land in Griekeland gaan verteenwoordig. Al drie wen 4 van hulle 9 wedstryde. Wessel behaal 'n nege-en-twintigste, Heinrich 'n dertigste en Christiaan 'n twee-en-dertigste plek. Dit is teen spelers van regoor die wêreld!

Ons twee spanne is vanjaar in die A- en C-liga ingeskryf. Die eerste span wen al sewe sy wedstryde en die tweede span vaar soos volg: wen 3, verloor 2, gelykop 1. DF wen die A-liga en is dus die sterkste span in die Oos-Kaap!

DF het met drie spanne (twee seuns- en een dogterspan) in die jaarlikse Interskole teen Nico Malan gespeel en skoonskip gemaak.

Tydens die S.A. Dames Ope skaaktoernooi wen Nicola Alberts 4 van haar 7 wedstryde. Sy kry die prys vir die beste o/14-speler. Heinrich Basson is ná sy agtste plek by die S.A. Junior Kampioenskappe genooi om aan die S.A. Junior Geslote Toernooi in Pretoria deel te neem.

Nog een van die toernooie waaraan ons leerders deelgeneem het, is die O.P. Skoletoernooi. Die uitslag was soos volg: in die o/16 afdeling - Heinrich Basson eerste, Christiaan Crouse tweede en Nicola Alberts tiende; in die o/20 afdeling - Eduard Prinsloo agtste, Wessel van Wyk tiende en Johannes Naudé dertiende. Al ses hierdie leerders is dan ook in die O.P. spanne opgeneem.

By die USSASA toernooi behaal Wessel (o/17) 'n vierde en Eduard (o/17) 'n tiende plek. Heinrich, Nicola en Christiaan neem deel aan die o/16 afdeling en Heinrich kom sesde.

Tydens 'n o/16 en o/20 O.P. toernooi behaal Eduard Prinsloo (o/20) 'n tweede plek en Nicola Alberts (o/16) 'n derde plek. Christiaan Crouse behaal 'n vierde plek in die Sandy Matthews toernooi.

Wessel neem aan die twee grootste toernooie in die land deel en behaal 'n vier-en-dertigste plek in die S.A. Ope asook 'n nege-en-dertigste plek in die Afrika Amateur-kampioenskappe.

'n Baie suksesvolle Werner Vosloo toernooi is by DF aangebied. Nicola Alberts behaal 'n derde plek in die B-afdeling. Werner Vosloo het R5 000 vir hierdie toernooi geborg. Dankie Werner!

DF se eerste span is genooi na die Top Skole toernooi in die Kaap omdat ons eerste span hulle liga gewen het. Ons het 'n seunspan en 'n dogterspan gestuur, en hulle het teen die beste skole-skaakspanne van die hele land gespeel. Die seunspan het vierde en die dogterspan vyfde geëindig.

Baie dankie aan ons groepie baie entoesiastiese ouers vir hul ondersteuning en hulp deur die jaar.

(Mnr. F. O'Connell)

4.8.12 **TENNIS**

Ons het die jaar op 'n hoë noot afgeskop met die speel van 'n interne rondomtalie toernooi waaraan ons spelers met groot entoesiasme deelgeneem het. Baie geluk dan ook aan Yolandi Bosch en Riaan Grobler wat as wenners uit die stryd getree het. Dankie aan die ouers wat vir ons pryse vir hierdie dag gekry het.

Verder het vier dogterspanne en drie seunspanne met gemengde welslae in verskillende ligas gespeel in die eerste kwartaal. Die derde seunspan was onoorwonne in hulle liga. 'n Mooi prestasie!

In die winterseisoen het dit minder goed gegaan met die twee seunspanne wat deelgeneem het. Tydens Interskole was Nico Malan ook te sterk vir ons. Ons glo dit sal volgende jaar heelwat beter gaan.

In die vierde kwartaal het twee seunspanne en twee dogterspanne aan liga-wedstryde deelgeneem. Geluk aan die dogters wat in al hul wedstryde óf gewen het, óf gelykop gespeel het.

Aan die spelers, ook dié wat net sosiaal op 'n Woensdag kom speel het, hul ouers en personeel betrokke: baie dankie vir u bydrae.

(Mej. M. Scholtz)

4.9 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2005**

Atletiek	:	Natascha de Villiers, Karlien Doubell, Janneke Wolmarans Oos-Kaap: Karlien Doubell, Janneke Wolmarans
Gesinchroni-seerde Swem	:	Ané Ferreira, Jeannè Scholtz, Wilmie Scholtz
Gimnastiek	:	Sherise van Dyk
Hengel	:	Kus: Stephan Ferreira, Andrew Hayward Varswater: Marcel Steunenberg, Sherise van Dyk
Hokkie	:	Jacomien Hauman

Judo	:	Armand Scheepers
Karate	:	FG van Wyk
Koor	:	Oos-Kaapse Kinderkoor: Zené Annandale, Emma Kotze, Marné Nel, Jani van Wyk Oos-Kaapse Jeugkoor: Candice Caine, Alisca du Plooy, Lizanne du Plooy, Hendry du Toit, Jacqueline du Toit, Herman Geyer, Lourens Millard
Krieket	:	Portia Cramford, Alicia van der Watt Binnenshuis: Ryno van Zyl
Landloop	:	Natascha de Villiers, Ané Ferreira, Bianca Groenewald
Muurbal	:	Lizelle Steunenberg
Netbal	:	Zanelle van Jaarsveld, Natasja Gerber, Zusi Seyisi, Larita van Wyk (ook o/19 naskoolse span), Gwendolene Willemse
Perdry	:	Hein Potgieter
Pluimbal	:	Jessica de Lange, Morné van der Merwe
Rugby	:	Rayno Wasserman
Skaak	:	Nicola Alberts, Heinrich Basson, Christiaan Crouse, Johannes Naudé, Eduard Prinsloo, Wessel van Wyk **Suid-Afrika**: Heinrich Basson, Christiaan Crouse, Wessel van Wyk
Stoei	:	Lourens Millard
Swem	:	Adri Louw
Tweekamp	:	Lenel Oosthuizen
Personeel	:	Mej. C. Killian Bestuurder O.P. krieketspan (o/19) Mev. P. Vosloo Bestuurder O.P. hokkiespan (o/14)

4.10 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

4.10.1 **Ballet en Dans**: Die Malherbiete wat aan die opvoering van *Robin Hood* deelgeneem het, het hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Hule is Beáte Barnard, Vicky Pretorius, Jani van Wyk en Lara Zeelie.

Die volgende leerders het die *Royal Academy of Dance Vocational Graded Examinations* soos volg geslaag: Jani van Wyk (*Intermediate*) met onderskeiding; Vicki Pretorius (*Advanced 2*) met meriete; Beáte Barnard (*Advanced 2*) met meriete en Emma Kotze (*Intermdiate*) met meriete. Jani en Emma is ook gekies om as lede van die *Friendly City Youth Ballet* by die Jeugfeeskonsert te dans.

By die P.E. Dansfees het die leerders soos volg presteer: Jani - 3 goud, 1 silwer; Beáte - 1 goud, 2 silwer; Emma - 1 goud, 2 silwer en Vicki - 4 silwer. By die *National Society of Dance Teachers Graduate Awards* het Jani 'n A+ en Beáte, Vicki en Emma elk 'n A gekry. Hulle het ook elkeen 'n *NSDT Graduate* medalje ontvang. Jani het die *Intermediate Foundation* beurs gewen.

4.10.2 **Moderne Dans**: Sjani van As slaag die “Preparatory” eksamen met “Highly Commended” (80% plus) en die “Final Grade” met “Honours with Distinction” (90% plus).

4.10.3 **Dans**: Roselle Otto het aan die Junior Stadsraad se kulturele aand deelgeneem in *Hip-Hop* groepdans en groot naam gemaak. Hulle is ook genooi om by een van die Burgemeester se funksies sowel as by die *Splash fees* op te tree. Roselle het in November by die prysuideling van *Hip-Hop* dans die volgende pryse gewen: wenner in haar klas, die eerste jaar toekenning en ’n goue medalje.

4.10.4 **Digkuns**: Rozanne Roodt se gedig *A Love* is deur die *Poetry Institute of Africa* gekies om in ’n bundel *Eternal Reality* gepubliseer te word.

4.10.5 **Kuns**: By die Baviaanskloof Kunskompetisie het Yonica Pienaar die eerste prys gewen in die kategorie van Graad 8 tot Graad 10. Leerders moes “Erfenis-dag” uitbeeld deur van potlode, verf, pastelle, ens. gebruik te maak.

4.10.6 **Sang**: Janique Rossouw het vir ons skool groot naam gemaak toe sy as Oos-Kaapse wenner van *Die Burger* se Plusster-kompetisie aangewys is. Sy het deur die jaar baie goed presteer en onder andere ook ’n kompetisie, gehou deur *JIP*, Laerskool Frans Conradie en Bay FM, gewen.

4.10.7 **Toneel**: Die volgende leerders het aan die musiekskouspel *Destined to Win* deelgeneem: Zené Annandale, Emma Kotze, Celeste Kruger, Karlien Matthee en Jani van Wyk.

4.10.8 **Amateurstoei**: Lourens Millard is gekies om aan die S.A. Presidente, kadet en senior Grieks-Romeinse kampioenskappe in Kemptonpark deel te neem.

4.10.9 **Binnenshuise Krieket**: Ryno van Zyl (o/15) is vir die O.P. gekies om in September aan die S.A. kampioenskappe deel te neem.

4.10.10 **Gesinchroniseerde Swem**: By die nasionale kampioenskappe (ouderdomsgroepe) het Ané Ferreira die bronsmedalje gewen as lid van ’n groepsdans. In die duet-afdeling het sy en haar maat ’n algehele vierde plek behaal (14 tot 16 jariges). Die O.P. span was die naaswenners in die spankompetisie. Ané het hierna ook die tweede plek behaal in die O.P. kampioenskappe. Sy is saam met Jeannè Scholtz (o/14) en Wilmie Scholtz (o/14) in die Oos-Kaap Gesinchroniseerde swem span ingesluit.

4.10.11 **Hengel**: Andrew Hayward is gekies om die O.P.-span by die S.A. Juniorkampioenskappe (kushengel) te verteenwoordig en Stephan Ferreira het die O.P. tydens die Nasionale Kampioenskappe in Kwazulu-Natal verteenwoordig. Tydens die O.P. Hengel-prysuitdeling het Stephan ’n goue (eerste van die juniors) en Andrew ’n silwer medalje ontvang.

Marcel Steunenberg en Sherise van Dyk is gekies om die O.P. Junior Varswater Hengelspan te verteenwoordig by die S.A. Nasionale Varswater-kampioenskappe.

4.10.12 **Judo**: Armand Scheepers het gedurende die Junie-vakansie die O.P.-span by die S.A. Nasionale Kampioenskappe in Durban verteenwoordig. Hy eindig agtste in die o/16 afdeling.

4.10.13 **Karate**: FG van Wyk het die Oos-Kaap Kinder Karatespan tydens die KSA Nasionale Kinder-kampioenskappe verteenwoordig. Hy het tot die derde rondte (m.a.w. die top 16) in die Kata-afdeling gevorder.

4.10.14 **Motocross**: Morné Janse van Rensburg het deur die jaar ’n hele aantal mooi prestasies behaal. Hy is onder andere as die *Top Open Support Moto* ryer in die land aangewys, het derde geëindig by ’n byeenkoms in Durban (op ’n 250 cc teen die ander wat fietse van tot 650 cc gery het) en eerste plekke by ’n aantal ander wedrenne.

4.10.15 **Padwedlope**: Garth van Eck het deur die jaar puik in 5, 10 en 20 km wedlope gepresteer, en onder andere ’n beste tyd van 38 min. 57 sek. oor 10 km behaal.

4.10.16 **Perdry**: Hein Potgieter is vir die O.P. Boerperd-span gekies wat aan die Nasionale Interprovinsiale kompetisie in George deelgeneem het.

4.10.17 **Pluimbal**: Jessica de Lange en Morné van der Merwe is vir die O.P. o/19 Pluimbalspan gekies wat in Kaapstad aan die S.A. kampioenskappe deelgeneem het. Tydens die Kwazulu-Natal o/17 Ope-kampioenskap in Durban het Morné in die enkels na die semi-finaal deurgedring en in gemeng en dubbels het hy in die finaal uitgeval.

4.10.18 **Swem**: Adri Louw het gedurende die Desembervakansie aan verskeie galas deelgeneem en het die volgende medaljes ontvang: 6 goud, 7 silwer, 5 brons en ook verskeie kontantpryse. Sy is ook gekies om aan die S.A. Prestige (Vlak 3) kampioenskappe in Pietermaritzburg deel te neem.

4.10.19 **Trampolien**: Sherise van Dyk het by die eerste en tweede O.P. proewe 'n eerste plek op die dubbel-mini en 'n eerste plek op die trampolien behaal. Sherise is ook gekies om die O.P. se tuimel- en trampolienspan by die Nasionale Kampioenskappe te verteen-woordig waar sy 'n tweede plek op die Hero-trampolien en 'n derde plek op die dubbel-mini-trampolien behaal het.

4.10.20 **Tweekamp**: Lenel Oosthuizen behaal 'n baie goeie sesde plek (uit 35 atlete) tydens 'n interprovinsiale byeenkoms in Oudtshoorn. Lenel het ook tydens 'n ander interprovinsiale-byeenkoms teen 13 ander atlete meegeding en die 2 000 m binne 6 minute 31 sekondes voltooi en die 100 m swem in 1 min. 15 sek. afgelê om sodoende 'n vyfde plek te behaal.

4.10.21 **Mej. Junior P.E.**: Kim Dickason het die prestasie behaal om as mej. Junior P.E. gekroon te word.

4.10.22 **Mnr. en mej. Oos-Kaap Hoërskole**: Twee van ons deelnemers, naamlik Janneke Wolmarans en Bianca Groenewald, het onder die eerste vyf in die Oos-Kaap geëindig. In die seuns-afdeling het Tiaan Keyser tweede gekom.

4.10.23 **Matriekafskeidrok-kompetisie**: Tydens 'n kompetisie deur Occasions EC aangebied, was Melanie Lombard, Nanette van Jaarsveld en Elske Ferreira onder die TOP 10 van hierdie kompetisie. Elske is as die wenner aangewys.

5. **FINANSIES**

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R2 302 789
Ander Inkomste	438 996
TOTAAL	**R2 741 785**
BETALINGS	
Alarm	3 457
Assuransie	44 447
Fotostaatmasjien	157 560
Brandstof en reparasies (voertuie)	33 846
Voorraad Klere - Sport	-
Munisipale dienste	115 507
Administratiewe koste:	
Telefoon	109 589
Skryfbehoeftes (kantoor)	34 906
Instandhouding	251 155
Prysuitdeling	19 836
Sportfasiliteite	118 967
Skryfbehoeftes (leerders)	44 136
Kultuur	47 000
Advertensies	24 082
Bankkoste & Ouditgelde	36 741
Posgeld	7 023
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	32 933
Vakuitgawes	51 367
50 jaar	31 602
Salarisse	1 251 564
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	190 809
Kampe	7 947
Rekonstruksie en Ontwikkeling	16 075
Lening	223 734
TOTAAL	**R2 854 283**

6. **IN MEMORIAM**

Lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Mev. P. Vosloo:	Vader
Mev. L. Schoeman:	Vader
Mev. E. Fox:	Broer
Bianca Trytsman:	Vader
Ruan Müller:	Broer
Alfred en Crezinia Wildeman:	Moeder
Sherise van Dyk:	Moeder

7. **ALGEMEEN**

7.1 **GEBEDSGROEP**

Dinsdagoggende 07:45 is dié groepie se bymekaarkomtyd vir saambid. Die groepie bestaan uit sowat vier ma's. Daar word vir die skool met al sy mense en aktiwiteite gebid. Individuele sake vir voorbidding word ook aan ons deurgegee. 'n Kosbare gebedsgeleentheid vir enige ouer van ons skool om te kom aansluit by dié groepie.

7.2 **D.F. MALHERBE GEDENKLESING**

Die Hoërskool D.F. Malherbe was vanjaar besonder bevoorreg om die bekende dr. Matthews Phosa as geleentheidspreker te hê. Doktor Phosa is 'n bekende politikus en sakeman. Sy besoek aan ons het ook saamgeval met dié van Abel Kraamsaal, een van die jong, opkomende Afrikaanse sangers. Die kabaretvertoning van Kraamsaal was 'n baie gesellige en genotvolle aand. Baie dankie aan al die ouers wat reuse werk gedoen het om van die gedenklesing en die Kraamsaal-vertoning 'n sukses te maak. Dit was voorwaar 'n plesier en voorreg om met hierdie ouers saam te werk!

Tydens die Gedenklesing is daar ook tien ere-toekennings aan oud-leerders wat internasionale roem verwerf het, oorhandig. Dié oudleerders is Danie Auret (Akademie - Fisika), Ronald Boet (Medisyne), Lindie Beer (Akademie - Letterkunde), Cobus Ferreira (Akademie - Geskiedenis), Sarel Kruger (Diplomatieke diens), Pierre Malan (Igtiologie), Daniël-Ben Pienaar (Musiek), Anriëtte Schoeman (Fietsry), Basie von Solms (Akademie - Rekenaarinligtingstegnologie) en Rossouw von Solms (Akademie - Rekenaarinligtingstegnologie).

(Mnr. A. van Wyk)

7.3 **BEMARKING**

Die musiekgroep Klopjag se optrede op 16 Maart in ons skoolsaal is spesiaal vir ons leerders gereël.
Op Donderdagaand 18 Augustus het ons Nico Nel, Danie Niehaus en die Springboklegende, Frik du Preez, in die Veremarksentrum ontvang. Die skitteraand word deur 414 mense bygewoon en lewer 'n netto opbrengs van ± R38 000.

Saterdag 17 September is 'n oggendtee met gasspreker Natalie du Toit in ons skoolsaal aangebied. Die bekende omroeper van Algoa FM, Buli-G, was die seremoniemeester en ná 'n pragtige voorprogram deur ons leerders het Natalie die 260 gaste met groot entoesiasme toegespreek.

Op Donderdagaand 24 November het ons skool tydens 'n borge-aand vir baie van ons borge met 'n vingerete dankie gesê vir hul ondersteuning ge-durende die jaar.

Verskeie nuwe adverteerders langs ons sportvelde is gedurende die jaar gewerf en die volgende word genoem: NMMU, JB Blasting, Port Elizabeth Chevrolet, Santam, Durr Estates, Ivo Huisman & Assoc.

Die Bemarkingskantoor het behalwe wye advertensie en publisiteit vir die skool 'n totale inkomste van ongeveer R224 500 tot en met 15 November ingesamel. Baie dankie aan al ons adverteerders en donateurs wat 'n groot bydrae gelewer het. Hartlik dankie ook aan ons mediakonsultant, Fanie Marais, vir sy groot bydrae om vir ons skool media-dekking te kry.

(Direkteur Bemarking: Nardo Vorster)

7.4 **OUDSKOLIERE**

Gedurende die naweek van 19 en 20 Augustus het 'n suksesvolle sport-saamtrek plaasgevind en die Vrydagaand het baie oud-eerstespan-spelers heerlik saamgebraai.

Die Reünie-saamtrek is gedurende die naweek van 23 tot 25 September 2005 gehou. Saterdagoggend was daar 'n pretloop. Die hoogtepunt was die groot weersiens tydens 'n vingerete die Saterdagaand in die skoolsaal! Oud en jonk het heerlik saamgekuier. Die naweek is die Sondagoggend met 'n erediens in die skoolsaal afgesluit. Dit is gelei deur twee van ons oud-leerders, naamlik di. Roy Scorgie (1973) en Gerhard Loubser (1981).

Die bestuur van die Bond vir 2006 is:

Voorsitter:	Mnr. Bennie de Klerk
Ondervoorsitter:	Mev. René de Klerk
Sekretaris:	Mnr. Nardo Vorster
Hulp-sekretaris:	Mev. Elsa Serfontein
Addisionele lede:	Mev. Carol Tonkin
	Mev. Sheron van Wyk
	Mnr. Johan Dawson

(Mnr. N. Vorster)

8. **'N DRINGENDE VERSOEK**

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra - ons het u voorbidding steeds baie nodig.

9. **TEN SLOTTE**

My hartlike en opregte dank aan

- die LUR, mnr. Matomela, vir sy werk in belang van Oos-Kaap onderwys;
- ons Onderwys-Ontwikkelingsbeampte, mej. Sauer en mnr. A. van Heerden wat in haar plek waarneem, vir hul ondersteuning;
- die personeel van ons distrikskantoor;
- ons donateurs uit ouer-, sake- en kerklike geledere;

- ons media-konsultant vir sy diens van hoë gehalte;
- die Beheerliggaam vir baie opofferings;
- ons ouerkorps vir voortdurende vriendelikheid, ondersteuning, betrok-kenheid en voorbidding (ook dié ouers wat so dikwels bereid is om uit te help met toesig);
- ons bemarkingsbeampte en sport-organiseerder vir julle onmisbare bydrae;
- ons voorman en terreinpersoneel vir baie harde werk;
- ons administratiewe personeel vir julle groot bydrae wat met soveel geduld gedoen word;
- ons span opvoeders vir harde werk, toewyding en opofferings;
- ons leerders vir julle bydrae - julle vriendelikheid maak dit moontlik om voort te gaan;
- ons getroue en liefdevolle Hemelse Vader, van Wie DF nou al oor 50 jaar kan getuig dat

Here my God, U het baie
wonderlike dinge gedoen;
U dink altyd aan ons;
daar is niemand soos U nie.
Ps. 40 : 6

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

1 DESEMBER 2005

Nie alles wat getel kan word,
tel nie.
En nie alles wat tel,
kan getel word nie.
ALBERT EINSTEIN

Nie sy roep nie,
maar die vlug van die wilde-eend
inspireer die ander eende
om te vlieg en hom te volg.
CHINESE SPREUK